

5 September

Skrifgedeelte: Jesaja 65:11-16 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 65:15b

Opstandig of 'n kneg van die HERE?

Dit sou 'n goedkoop antwoord wees as ons net sou sê dat daar altyd 'n goeie toekoms of goeie einde vir almal is en sal wees. Die Skrif maak 'n duidelike onderskeid tussen hulle wat in die Here is en hulle wat weg van die Here is. Tussen dié wat Hom volg en dié wat van Hom wegbeweeg. Volgens ons fokusgedeelte dié wat opstandig teenoor Hom is en dié wat knegte van die Here is.

Hy praat in hierdie gedeelte met sy verbondsvolk. Die goddelose lede van die volk sal vernietig word. Die Here beskryf dit hier weereens dat dit is as gevolg van hulle sonde. Hulle opstandigheid teenoor Hom. Vir hulle word ook 'n toekoms afgekondig, maar nie 'n mooi toekoms nie. 'n Toekoms van oordeel en vernietiging (Hy sal hulle bestem vir die swaard, vs 12). Hy onderskei tussen sy knegte en dié wat teenoor Hom opstandig is. Dit is 'n spanning tussen eet en honger ly, tussen drink en dors wees, tussen bly wees en beskaamd wees, tussen vrolik wees en huil.

MAAR, Hy is 'n God van trou. Ter wille van sy uitverkiesing sal Hy sy knegte bewaar. Hulle sal nie omkom nie. Dié wat Hom dien, ontvang in Christus 'n nuwe toekoms. In hierdie lewe kan alles van ons weggevat word, selfs ons lewe en ons besittings, maar die ander naam, die nuwe toekoms wat Hy voorsien, kan niemand ooit van ons wegvat nie. Om opstandig te wees, bring geen rus of vrede nie. Vir die knegte van die Here wag 'n nuwe toekoms. 'n Toekoms saam met God.

Wat wag vir u? 'n Naam van vervloeking of 'n nuwe naam in Christus? Dis maklik – is u opstandig of is u kneg van die Here?

Sang: Psalm 68:1 (1936-beryming)

Ds JG Noëth (Naboomspruit)